# Hoërskool AJ Ferreira

**STIGTINGSDATUM: 1988**

**LEUSE: EDUCATION LIBERATES**

**ADRES: ROSEDALE, UPINGTON, 8800**

## Skoolgeskiedenis

Die skool heet na AJ Ferreira, eerste hoof van Carlton-Van Heerden, die eerste bruin hoërskool in die omgewing. Dis in die buurt Rosedale geleë, nader aan die Kalahari as aan die Oranjerivier.

## Rugby by AJ Ferreria

Toe die skool in 1988 open, was dit weens 'n gebrek aan seuns moeilik om mededingend te wees. Die skool het egter gou gegroei, en van 1992 tot 1996 was hy onoorwonne in die liga vir kleiner skole. In 1996 is 'n wedstryd gereël teen Hoërskool Upington se 2de span, wat in die Makro-skoleliga speel. AJ Ferreira het met 28-10 gewen. As deel van die skool se tienjarige gedenkfees, het die skool suidwaarts na Swellendam opgeruk. Die eerste span het wel met 35-15 verloor, maar die volgende jaar gelykop gespeel. Van 2004 het Eerste Nasionale Bank die ontwikkeling van die skool se rugby geborg. Hierdie inisiatief, sowel as 'n sterk bemarkingspoging in Upington en die Siyanda-distrik het daartoe gelei dat 'n paar oudleerlinge provinsiaal en in plaaslike klubs speel. Maxwell Joodt (Goue Leeus se ontwikkelingspan), Franklin McKenzie en Shaun Klaasen het almal provinsiaal gespeel. Die skool wil sy rugbyveld verbeter en nog borgskappe kry.

In sy kort bestaan het AJ Ferreira met rasse skrede gevorder.